Reader 1/10/99.

Posbus 5217
Onverwacht
0557
17 September 1999

Prof. W.D Jonker
Deo Gratia,
Chenin Blanc
Keingeluk
Stellenbosch
7600

Geagte prof Willie,

Ek het vanmiddag u boek, "**Selfs die kerk kan verander**" neergesit. En wat 'n ongelooflike leeservaring was dit nie! (My grootste probleem met die boek was dat die uitgawe, wat ek gekry, se hele eerste hoofstuk ontbreek. My boek begin op p. 25! Toemaar; ek het reeds gereël dat die boekwinkel die saak regstel) Ek kan my nie herinner aan nog 'n boek, wat ek gelees het, wat so aan my "gevat" het soos dié boek. Dit was 'n belewenis om te sien met watter eerlikheid u uself kom blootlê het in dié boek. Dit was ongelooflik dapper! Wat 'n troosvolle ontdekking was dit tog nie dat selfs prof Willie Jonker (soos ek!) die hel van depressie ken!

As ek dit enigsins kan waag, wil ek tog so 'n klein bietjie kritiek opper. Waar u na u rol t.o.v. u eie studente kyk, (veral op p.131) is u (soos ons u leer ken het) ongelooflik beskeie. As ek van myself kan getuig, het die aanwysers wat u gegee het tog nie verby gegaan nie. Miskien het ons op daardie stadium die implikasies daarvan nie ten volle begryp het, maar dit het, wat my betref, my tog in my hele bediening bygebly en steeds meegewerk in my eie ontwikkeling. Alhoewel ons almal geweet het waar ons met u staan (niemand kon ooit twyfel nie!), het ek persoonlik nooit van u as liberaal gedink nie. Daarvoor was u te veel van 'n Godsman en Bybelman.

Soos u kan aflei is ek ook 'n oud-student (1973-1976, 'n klasmaat van Dirkie Smit). Ek het net een klagte: Dat dit my nooit beskore was om Dogamtiek by u te neem nie. Dalk sou ek dan iets daarvan geweet het! (Ek probeer darem so 'n bietjie Dogmatiek lees. Ek het groot waardering vir die reeks **Wegwysers in die Dogmatiek.** En ek geniet ook Adro König se boeke. My grootste probleem is dat ek te dom is om krities genoeg te wees.)

Persoonlik was ek miskien heelwat regs van u standpunt. Daaroor kan ek ook my eie storie vertel, maar ek gaan u nie daarmee vermoei nie. Voldoende sal wees om te sê dat ek my voorgraadse opleiding op Potchefstroom ontvang. Dit was veral in Volkekunde-klasse van Prof Hennie Coetzee waar ek die gedagte van Christelike-Nasionaal "gekoop" het. (Miskien het ek op daardie stadium te min

van die praktyk van elke dag gesien.) Soos die begrip aan my verduidelik is, kon ek daarmee saamgaan. Latere blootstelling aan die praktyk het my tot die skokkende ontdekking laat kom, dat ek die mooi beginsels van Christelik-Nasionaal selde dan ooit in die praktyk gesien het. In plaas daarvan dat die Christelike altyd die bo-toon moes voer, was dit die nasionale wat telkens oorheers het en die Christelike beginsels wat tweede moes kom (of was dit miskien laaste?) In hierdie ontdekking het die aanwysers wat u gegee het geen geringe rol gespeel nie. Baie dankie daarvoor.

Kan ek tog met u my ervarings met die Rustenburg-belydenis deel? Ek moet bely dat dié belydenis tog gemengde gevoelens by my ontlok het. Aan die eenkant was daar die gevoel van: "Ag, tog nie dit ook nog nie!" Na 1986 se **Kerk en Samelewing** was ons vuisvoos. Dit is nogal rof om in Waterberg (Dr. A.P. Treurnicht se koninkryk) predikant te wil probeer wees, wat ook na die Bybel wil luister. Aan die ander kant, het ek tog ook geweet: dit is 'n stem van 'n profeet. En as een, wat darem so iets weet van die Ou Testamentiese profete, het ek geweet dit is 'n stem waarna mens moet luister, al is dit, soos Esegiël sou sê, baie bitter.

Miskien moet ek u nie te veel vermoei met my stories nie. Miskien nog net dit: Ek het ook Beyers Naudé se **My Land van Hoop** gelees. Dit is net so 'n aangrypende boek. Maar ek is die Here innig dankbaar dat Hy dit so gewil dat u nie dieselfde pad as hy geloop het nie. Vir u lojaliteit aan die N G Kerk het ek die hoogste waardering – 'n lojaliteit wat die kerk miskien nie altyd verdien het nie.

Mag ek Gods rykste seën u toebid. Mag u ook in hierdie fase van u lewe elke dag die seën van die Here ervaar.

Groete in Christus Jesus.

Tokkie

Tokkie Scheepers